

Lekkerbekkie Nuusbrief

20 MEI 2014 | UITGAWE 58

annaemm
kinderstories

Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Kwaai Lettie
- * Gratis inkleurprentjie



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Kwaai Lettie deur Anna Emm

Kwaai Lettie die lappop woon saam met die ander speelgoed in die speelkamer. Maar niemand hou van haar nie. Sy is altyd kwaai, en sy is altyd besig om te raas. As Teddie per ongeluk die blokkies omstamp, skel Kwaai Lettie: "Sies, Teddie! Kyk wat doen jy! Hoekom is jy so lomp?" En wanneer die treintjie per ongeluk te vinnig deur die kamer ry en net 'n bietjie te hard fluit, raas Kwaai Lettie: "Jou stoute, raserige treintjie! Sal jy nou stilbly dat ek kan dink!"

As die ander speelgoed vir Kwaai Lettie sien aankom, maak hulle dat hulle wegkom. Hulle glip agter die gordyne in, kruip onder die bed weg, en gaan staan sommer agter die speelgoedkis sodat Kwaai Lettie hulle nie kan sien nie. Hulle is bang hulle kry raas.

Op 'n dag is Kwaai Lettie besig om die hoek van die speelkamer op te ruim. Sy sien nie die spyker wat uit die muur uitstaan nie. En toe sy by die spyker verbyskuif, haak die spyker sowaar haar rokkie se punt... en daar sit sy vas! "Jou stoute, spyker!" raas Kwaai Lettie. "Laat my los! Ek sê jou, laat my los!"

Maar die spyker laat los nie, want hy is net 'n spyker. Hy is nie bang vir Kwaai Lettie se skel nie. Die ander speelgoed hoor vir Kwaai Lettie raas, en hulle kom versigtig nader om te sien wat gebeur het. Toe hulle sien dat Kwaai Lettie se rokkie aan die spyker vassit, voel hulle sbaie jammer vir haar. Party van die ander speelgoed het ook al aan daardie nare spyker vasgesit, en dis glad nie lekker nie. Mens kan nie weer los kom as iemand anders jou nie help nie.

Versigtig staan Teddie nader en probeer om Kwaai Lettie se rokkie se punt los te maak, maar sy slaan woes met haar handjie na hom. "Moenie aan my rokkie vat nie, Teddie! Jy gaan dit vuil smeer!" Teddie staan toe maar terug, en nou probeer die ander lappoppe om vir Kwaai Lettie te help. Maar sy wil ook nie dat hulle aan haar vat nie. "Julle raak nie aan my met julle vuil hande nie!" raas sy.

En raai? Toe besluit die ander speelgoed om vir Kwaai Lettie net daar te los. Hulle gaan speel heerlik in die speelkamer terwyl sy aan die spyker vassit. Nou kan niemand met hulle raas nie, en hulle hoef vir niemand weg te kruip nie, en hulle kan net so rof en woes speel soos wat hulle wil.


Die hele dag lank sit Kwaai Lettie aan die spyker vas. Eers was sy kwaad, maar later voel sy skielik baie alleen. Sy sien hoe lekker die ander speelgoed speel, en sy voel skaam dat sy so lelik met hulle was. Dis nie lekker om so alleen te wees nie. Dis nie lekker om aan die spyker vas te sit en daar is niemand om jou te help nie.

En dis hoe dit gebeur het dat Kwaai Lettie nie meer kwaai was nie. Sy het nie meer geraas en geskel nie. Sy het vir die ander speelgoed gesê dat sy jammer is, en hulle het haar versigtig van die spyker kom losmaak. Die speelgoed het 'n groot kis voor die spyker in die muur geskuif, sodat niemand meer daar kon vashaak nie – maak nie saak hoe kwaai hulle was nie.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Kwaai Lettie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za